BYLAE “B2”

SONOP CHRISTELIKE TEHUIS

TWEEDEJAARS

(1 APRIL 2014)

1. Aanvaarding

1.1 Streke moet *tweedejaars* aanvaar. Geen *tweedejaars* mag uitgesluit word uit enige Streeksaktiwiteit of deelname in Streeksverband alvorens hulle eers 'ingelyf' is of persoonlike gunste aan senior studente betoon nie. Elke t*weedejaar* in 'n Streek sal die voorreg hê om seremoniële deelwording as 'n volwaardige Streekslid te geniet en sal geregtig wees op die ontvangs van bv 'n Streekspak, sal die reg hê om die Streekslied te sing en op vriendskaplike voet saam met die res van die Streek saam te kuier en mag nie op enige wyse uitgesluit word omdat hy nie die streeksgewoontes en -praktyke wil beoefen nie (Streeksaktiwiteite 2.25.1).

1.2 Die Streeksnaweek is bedoel om 'n genotvolle wegbreeknaweek te wees wat deur alle Streekslede bygewoon mag word en waartydens geen ontgroeningspraktyke of inlywingspraktyke vir *tweedejaars* mag plaasvind nie – selfs nie van senior studente wat vir die eerste keer in 'n Streek intrek nie (Streeksaktiwiteite 2.25.3).

2. Akademie

2.1 Dit is uiters belangrik dat *tweedejaarstudente* die maksimum tyd gegun word om te studeer en dat daar nie met hul akademiese vordering ingemeng word nie. Die Huiskomiteelid wat vir *tweedejaars* verantwoordelik is, moet die *tweedejaars* absoluut in elke opsig beskerm en moet seker maak dat die akademie van die *tweedejaars* voorrang geniet bo enige ander koshuisaktiwiteit, hetsy dit Jool, sosiale aktiwiteite of sportaktiwiteite is. Geen *tweedejaarstudent* wat in 'n bepaalde week met 'n toetsreeks besig is of die volgende dag 'n toets of eksamen moet skryf, mag gedwing word om aan enige Jool-, sport- of sosiale aktiwiteit deel te neem nie. *Tweedejaars* moet te alle tye deur die Huiskomitee en Huislede ondersteun word om hulle akademie eerste te stel en moet dus nie voel dat hulle onder druk verkeer om enige sosiale of sportaktiwiteite by te woon voordat of wanneer toetse en eksamens geskryf word nie.

2.2 *Tweedejaars* mag onder geen omstandighede deur seniors verhinder word om tussen klasse in die Universiteitsbiblioteek te gaan studeer nie en kan nie verplig word om tussen lesings na die Sonop-perseel terug te keer nie.

3. Drankgebruik

3.1 Drankmisbruik binne en buite die koshuisterrein, asook enige vorm van groepsdruk om tydens georganiseerde Streeksgeleenthede drank te gebruik (selfs al is dit buite die koshuis), word ten strengste verbied en studente wat hulle skuldig maak aan drankmisbruik, of senior studente wat toelaat dat *tweedejaars* hulle daaraan skuldig

maak en self ook daaraan skuldig is (hetsy binne of buite die koshuis) se gedrag sal beskou word as onbetaamlike wangedrag wat tot skorsing kan lei (Streeksaktiwiteite 2.25.2).

3.2 Geen *tweedejaarstudent* mag tydens enige geleentheid in of buite die koshuis genooi word om saam met senior studente drank te gebruik nie, en mag ook nie gedwing word om deel te neem aan aktiwiteite waarby drank gedrink word nie.

4. Motors

4.1 Geen senior student word toegelaat om ’n *tweedejaar* se motorvoertuig te gebruik of te leen nie.

4.2 ’n *Tweedejaar* met ’n motor mag nie deur enige Huislid (HK-lede ingesluit) aangesê word om enige taak te verrig of aan hom ’n guns te betoon nie, *tensy dit vir ’n amptelike Sonop-funksie benodig word.*

5. Pligte

5.1 Geen senior student mag ’n *tweedejaar* vra om aan hom enige gunsies te betoon nie, soos byvoorbeeld om sy motor te was, skottelgoed te was of enige ander persoonlike takies te verrig.

5.2 Benewens die blikskudaktiwiteite wat formeel deur UP of die koshuishoof goedgekeur is en aan owerheidsreëls en regulasies voldoen, mag daar nie van *tweedejaars* vereis word dat hulle aan enige blikskudaktiwiteite deelneem nie.

6. Liggaamlike en geestelike aantasting

Streke mag nie enige gebruik instel of handhaaf waardeur *tweedejaars* of nuwe intrekkers, hetsy vrywillig of onder dwang, aan enige vorm van liggaamlike aantasting of geweld onderwerp word nie. Dit sluit houe op die borskas, die agterstewe of elders op die liggaam, brandmerkery, blootstelling aan vuur, hitte, koue, ens in, maar is nie slegs daartoe beperk nie. *Tweedejaars* mag ook nie op enige wyse hoegenaamd sielkundig of emosioneel afgetakel word nie (Streeksaktiwiteite 2.25.7).

7. Huisvergadering en verkiesing van HK

Sonop-inwoners mag vanaf hulle tweede studiejaar (a) aan Huisvergaderings deelneem en (b) hulle aan die einde van hul tweede studiejaar vir verkiesing tot die HK beskikbaar stel.

E. AFDWINGBAARHEID

Hierdie Huisreëls, wat spesifiek op tweedejaarstudente in Sonop van toepassing is, maak deel uit van Sonop se amptelike Huisreëls en is

kragtens punt 1.5 op elke Huislid afdwingbaar: Alle inwoners van Sonop onderwerp hulle aan die beheer en toesig van die HK en die dissiplinêre strukture van die Sonop-raad en erken dat die HK en die strukture van die Sonop-raad oor die bevoegdheid beskik om oortreders te tugtig. Hierdie toestemming tot die jurisdiksie van die HK en die Sonop-raad is 'n onherroeplike jurisdiksie wat selfs in die geval van oud-Sonoppers wat die perseel van Sonop betree van krag bly. Enige verwysing na 'inwoner' of 'Sonopper' in hierdie dokument geld ook waar toepaslik in die geval van oud-Sonoppers wat die Sonop-perseel besoek.

Hierdie Huisreëls staan bekend as Bylaag B2 en is tydens die Sonop-raadsvergadering van 25 Junie 2013 goedgekeur.